**<u>Skriflesing:</u>** Mattheus 4: 1 -11
Teks: **Mattheus 4:1**
**Sing: VOORAF SANG- Ps. 9: 1, 7, 9**
**TYDENS EREDIENS - Ps. 40:1,2; Sb.2-5 (35):1,2; Sb.5-4 (10): 1, 2, 5, 6**
**<u>Mattheus 4: 1 -11</u>**
Mat 4:1 Toe is Jesus deur die Gees weggelei die woestyn in om versoek te word deur die duiwel.
Mat 4:2 En nadat Hy veertig dae en veertig nagte gevas het, het Hy naderhand honger geword.
Mat 4:3 En die versoeker het na Hom gekom en gesê: As U die Seun van God is, sê dat hierdie klippe brode word.
Mat 4:4 Maar Hy antwoord en sê: Daar is geskrywe: Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord wat deur die mond van God uitgaan.
Mat 4:5 Toe neem die duiwel Hom saam na die heilige stad en laat Hom op die dak van die tempel staan
Mat 4:6 en sê vir Hom: As U die Seun van God is, werp Uself af; want daar is geskrywe: Hy sal sy engele bevel gee aangaande U, en hulle sal U op die hande dra, sodat U nie miskien u voet teen 'n klip stamp nie.
Mat 4:7 Jesus sê vir hom: Daar is óók geskrywe: Jy mag die Here jou God nie versoek nie.
Mat 4:8 Weer neem die duiwel Hom saam na 'n baie hoë berg en wys Hom al die koninkryke van die wêreld en hulle heerlikheid,
Mat 4:9 en sê vir Hom: Al hierdie dinge sal ek aan U gee as U neerval en my aanbid.
Mat 4:10 Toe sê Jesus vir hom: Gaan weg, Satan! want daar is geskrywe: Die Here jou God moet jy aanbid en Hom alleen dien.
Mat 4:11 Daarna het die duiwel Hom laat staan, en daar het engele gekom en Hom gedien.

**<u>Skriflesing:</u>** Mattheus 4: 1 -11
Teks: **Mattheus 4:1**
**Sing: VOORAF SANG- Ps. 9: 1, 7, 9**
**TYDENS EREDIENS - Ps. 40:1,2; Sb.2-5 (35):1,2; Sb.5-4 (10): 1, 2, 5, 6**

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, wanneer daar op hierdie Goeie Vrydag aan Jesus se verskriklike lyding en kruisdood aandag gegee word, dan kan ons nie anders as om aan vandag se gelese gedeelte vas te hou nie. Die gebeure op Golgota en die gebeure wat met Jesus 40 dae in die woestyn aangehou het, staan ook onlosmaaklik aan mekaar verbind. Die 40 dae se woestynversoekinge en die 6 verskriklikste ure aan die kruis, waar dit Vrydag om 12h00 die uitroep van die verskriklikste sou wees wat geen mens hom/haar kan indink nie. Toe Jesus sou uitroep … *My God, my God waarom het U my verlaat.*

***

Tog as ons vandag terugblaai meer na die begin van die Mattheus-evangelie en ons blaai terug juis op Goeie Vrydag dan besef ons Goeie Vrydag se waarde, ja die goedheid van daardie Vrydag het al in die woestyn begin. Dadelik kan ons vra kan daar iets goed uit die woestyn kom, ja daar kan, maar dan moet daar in Christus ook na hierdie woestyn gebeure gekyk kan word. Iets van goeie Vrydag en iets van die woestyn is op die grootste momente inter-afhanklik van mekaar. Ons kan dit ook anders stel, as ons dit in 'n vraagvorm stel is die vraag as daar uit die gesigspunt van Jesus na die kruis gekyk word, sou Hy dit goed kon noem. Beslis nie, die verskriklikste lyding, ja selfs die angste van die hel het Hy aan die kruis belewe. Hy het daarin moes neerdaal.

Dit wat Jesus Self gebeur het, kan geen mens goed noem nie, tensy so een deel vorm van die verskriklikste van vyandskap wat daar teen Jesus opgestel was. So een sal dit goed kan noem, maar die *goeie* van goeie Vrydag is uit die staanspoor iets van 'n allerverskriklikste ironie. Dit wat vir Jesus verskriklik moes wees, dit noem ons vandag goed, want die werk wat gedoen is, die prys wat betaal is, dit wat Hy alleen aan kon doen, dit het Hy vir ons gedoen. Daarom noem ons dit goed, hoe anders dat dit goed moet wees, want Jesus het aan God die volle prys betaal. Die sonde wat op ons moes aankom, dié het Hy gedra, die sonde en die dood waarin ons onsself gedompel het, daardie dood het Hy vir ons ingegaan.

***

Ek gebruik spesifiek die terme indompel en dood wat Hy ingegaan het, want dit was asof Hy daarin gedoop is. Hy is in dit alles ingedompel, Hy is gedoop in ons dood, Hy het neergedaal in die dieptes van die hel wat ons hel moes wees. Is dit nie hoe Paulus ook hierna kyk as hy oor Jesus se lyding en dood skrywe nie. Een so 'n goeie voorbeeld is in Romeine 6 vers 3 as ons lees - *3 Of weet julle nie dat ons almal wat in Christus Jesus gedoop is, in sy dood gedoop is nie? 4 Deur die doop is ons immers saam met Hom in sy dood begrawe ...* In Efesiërs 4 vers 9 lees ons iets soortgelyk - *9 Maar dít: Hy het opgevaar — wat beteken dit anders as dat Hy ook eers neergedaal het in die onderste dele van die aarde?*

As ons dit op een lyn probeer plaas dan besef ons die doop en die neerdaling en selfs dié dood was dinge wat op Golgota saakgemaak het. En ons besef op hierdie Goeie Vrydag dit was die dinge wat saakgemaak het, toe Jesus se verskriklike lyding nie net die laaste dae voor die kruis al 'n groot realiteit was nie. Hoe 'n groot realiteit was Goeie Vrydag nie ook daardie verskriklike 40 dae wat Jesus in die woestyn moes rondswerf nie.

***

Dit begin ook by Jesus se doop, wel die doop nie sy dood nie, maar dit begin vir Jesus by die doop in sy wonderlikste betekenis. Jesus se doop het vir Hom die wonderlike betekenis kon hê, ja die waarde wat Jesus aan sy eie doop sou kon verbind, is daar geen mens wat homself/haarself in die opsig met Jesus kan vergelyk nie. Hoe wonderlik was Jesus se doop nie?! As ons hierdie gebeure in Mattheus 3 lees, veral vv. 13-17, dat Jesus het op grond van sy doop, die woestyn ingegaan. Jesus se doop is regtig die krag waarmee Jesus die woestyn kon ingegaan het. Soos wat ons aanvaar Jesus se doop die krag en agtergrond was waarmee Hy die verskriklikste van lyding mee kon ingegaan het. Ons kan aanvaar dit is uit Jesus se

doop waarmee Hy ook die verskriklikste van lyding en benoudheid en hel aan die kruis mee kon trotseer.

Dit wat Jesus se doop wonderlik maak is wat God die Vader daar gedoen het. God het Hom aangewys as sy Seun, sy geliefde Seun, in Wie Hy ’n welbehae het. Ons lees Mattheus 3 vers 16 in die ouer vertaling- *16 En nadat Jesus gedoop was, het Hy dadelik uit die water opgeklim, en meteens gaan die hemele vir Hom oop, en Hy sien die Gees van God soos ’n duif neerdaal en op Hom kom. 17 En daar kom ’n stem uit die hemele wat sê: Dit is my geliefde Seun in wie Ek ’n welbehae het.* So lees ons dit in die ouer Vertaling. Die 2020 Vert vat God se woorde saam dat God gesê het - *“Dit is my geliefde Seun oor wie Ek My verheug.”*

Dit alles al deel van die vervulling van die profesieë wat ons ook so in besonder in die Psalms van lees – dink spesifiek ook hier aan Psalm 2 vers 7 *7 Ek wil vertel van die besluit: Die HERE het aan My gesê: U is my Seun, vandag het Ek self U gegenereer.* Die doop van Jesus was alreeds ’n verwekking, of kan ons sê ’n opwekking van wat die verskriklike Goeie Vrydag ook sou gebeur. Daarom dat die nuwe 2020 vertaling Psalm 2 vers 7 vertaal as - *7 Ek wil die vaste besluit bekend maak: Die Here het vir my gesê: “Jy is my seun, vandag het Ek jou verwek.*

Uit hierdie verwekking is Jesus duidelik aangewys as die Messias wat die Jode al baie honderde jare op gewag het. Spesifiek as ons hierdie gebeure in Mattheus lees dan moet ons onthou dat die skrywer van die evangelie Mattheus was spesifiek eerstens vir sy volksgenote bedoel. Mattheus was in besonder daarop gefokus dat hulle moet raaksien dat Jesus was in alles die Messias wat juis hulle as Jode al so lank verwag het. Hoe lank was Hy al on die Ou Testament verkondig en belowe. Daarom wanneer ons Mattheus lees dan is hy die evangelis wat in vergelyking met al die ander evangelies wat die meeste aanhalings uit die Ou Testament maak. Hy wil deur sy baie aanhalings uit die Ou Testament die duidelikste bewyse gee dat wat in die Ou Testament belowe is en wat daarin vervat is, het alles in Jesus in vervulling gegaan. Net in vandag se gelese gedeelte is daar ook ten minste vyf aanhalings uit die Ou Testament.

Dis asof Jesus ná sy doop dadelik woestyn toe moes gaan, want iets van Golgota begin al in hierdie verskriklike woestyn. Ja, so ’n groot van sy volk se volkswording het in woestyn

plaasgevind, maar het sy volk ook eers deur 'n doop moes gaan. Hulle trek deur die Rooisee waar die water aan die kante opgedam het, was hulle doop. Wonderlik!

***

Jesus hoor ook wonderlike dinge by sy doop, daar gebeur wonderlike dinge, Hy word gesalf. Die Heilige Gees wat op Jesus kom sit het, juis in die gestalte van 'n duif was Jesus se salwing as Profeet, Priester en Koning. Sondag 12 van die Kategismus V/A 31 bring dit mooi in woorde – as daar gevra word - **Waarom word Hy Christus, wat Gesalfde beteken, genoem?** Die antwoord kom terug op wat alles daardie dag met Jesus se doop bevestig is – Ons bely *Omdat Hy deur God die Vader bestem en aangestel en met die Heilige Gees gesalf is tot ons hoogste Profeet en Leraar , wat aan ons die verborge raad en wil van God aangaande ons verlossing ten volle bekend gemaak het;tot ons enigste Hoëpriester , wat ons met die enige offer van sy liggaam verlos het en met sy voorbidding gedurigdeur by die Vader vir ons intree ; tot ons ewige Koning, wat ons met sy Woord en Gees regeer en ons by die verlossing wat verwerf is, beskerm en bewaar .*

Dis groot dinge wat amptelik met die dag van Jesus se doop bevestig is, maar dieselfde doop wys aan ons dat die begin van sy openbare bediening dra alreeds tekens van wat sy aardse einde gaan wees. Jesus ken sy einde. In die woestyn word Golgota al op 'n manier voorsien. Dis asof die woestyn versoekings al die inleiding was dat Jesus sal moet sterwe om versoening te bewerk. Met wat in die woestyn gebeur is dit asof Jesus hier ***ja sê*** vir wat Hy geweet het sy opdrag is. Hy sal nie mag sondig nie, Hy sal alle versoekinge moet kan weerstaan. Hy sal God se Woord bó alles moet stel, Hy sal in alles aan God gehoorsaam moet wees. Hy sal waarlik vir God Profeet, Priester en Koning moet wees, maar hy sal dit ook vir ons as mense moes wees.

Daarom die eerste versoeking waar Hy van klippe vir Hom kos moes maak. Maak van hierdie klippe vir jou brode. Hy was alreeds 40 dae sonder kos. Hoe honger moes Hy nie gewees het nie. Die Satan wil dat Jesus sy geestelike stryd moet laat vaar. Die liggaamlike stryd van honger kan menslik gesproke so maklik die botoon bo ons geestelike stryd wil voer. Daarom die versoeking, vergeet jou geestelike stryd, sorg vir jou liggaam, jy het mos die goddelike krag daarvoor. Dit sou darem 'n verskriklike versoeking gewees het. Jesus se antwoord op hierdie versoeking is dit wat ons ook vandag moet aangryp, ja watter besondere mens was Hy wat vir ons aan die kruis gesterwe het - *Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord wat deur die mond van God uitgaan.* Duidelik wil Jesus Hom aan

God se Woord in die Ou Testament verbind. Dit wat ons reeds gesê het die evangelie van Mattheus wil graag elke keer die Ou Testament in Jesus se woorde en optrede verbind. Hier ook weer nie ander nie.

Watter wonderlike antwoord gee Jesus wat ook op Goeie Vrydag vir Hom steeds die antwoord sou wees. Hy put sy krag uit die Woord van God. God gee aan Hom krag, juis deur sy Woord en deur die Heilige Gees. Dan verwys Jesus spesifiek na Deut. 8 vers 3 waar die manna aan die woestyn dieselfde waarheid uit Jesus se mond bevestig- *3 Hy het jou laat swaarkry, laat honger ly en toe met manna gevoed, iets waarmee nóg jy nóg jou voorvaders bekend was. Hy het dit gedoen om jou te leer dat 'n mens nie net van brood leef nie, maar dat hy leef van elke woord wat uit die mond van God kom.* Hoe wonderlik dit waarmee Jesus vir Satan kon antwoord, die Woord van God gee krag, ewige krag, dit wat gewone brood nie kan gee soos die Woord van God dit kan doen nie.

Dan kom Satan met die tweede versoeking. As Hy nie Jesus se verskriklike honger, sy grootste liggaamlike behoefte op daardie oomblik in ’n geslaagde versoeking kon omskep nie, dan wil Hy dat Jesus sy krag as Messias moet demonstreer. Hy wil dat Jesus ’n krag demonstrasie moet lewer. Spring van die tempel se dak af. Dis dan asof Satan Jesus se krag wat Hy uit die Woord van God kon haal nou deel van sy magspel wil maak. Satan gebruik ook God se Woord maar hy misbruik dit, want dit waarmee Satan Jesus hier versoek was lank reeds ’n Ou-Testamentiese Messiaanse beeld dat die engele sal help wanneer die Messias van die tempel afspring. So geslepe is Satan, hy kry dit reg om God se Woord te misbruik om vir Jesus maar ook vir jou en my te mislei.

Jesus kon ook hierdie verskriklike versoeking weerstaan en weer antwoord Jesus vir Satan uit die Ou Testament, uit Deut. 6 vers 16 ... *16 Julle mag die HERE julle God nie versoek nie ...*

Dan kom Satan met die grootste versoeking, wat nie maar net ’n kragspel moes uitbeeld van spring van die tempel af nie, maar nou word dit ’n magspel. Satan bied vir Jesus die kroon aan sonder die kruis. Satan gee voor Jesus kan ’n koninkryk bou sonder om aan die wil van God sy Vader te voldoen. Hoe groot moes die versoeking nie gewees het nie?

Iets hiervan het ook in die tuin van Getsémané hom herhaal, dat Jesus in angs en sweet soos bloeddruppels gebid en gevra het dat as dit kan hierdie beker nie by Hom kan verbygaan nie.

Dit kon nie, nie in die woestyn nie, ook nie in die pragtige tuin van Getsémané waar Jesus se liggaamlike lewe iets sou toon van wanneer olie uit 'n olyf gepers word, so is sy bloeddruppels al daar in die olyf tuin uit Hom gepers.

In die woestyn was dit al Satan se bedoeling gewees dat Jesus moet voorgee dat Hy Koning kan wees, Koning van die wêreld, maar Hy kan dit wees sonder om die dood van die kruis te ondergaan. Satan wil dat Jesus sy goddelike mag moet gebruik om sy eie lyding te versag en Homself te beveilig. Al drie die verskriklike versoekinge dra 'n element van Satan se bose bedoelinge, al is die grusaamheid van sy versoekinge in die sagte watte van mooi woorde en soetsappige aanbiedinge verpak. Jesus het deur dit alles kon sien en het al hierdie versoekinge kon weerstaan, juis omdat Hy in alles by God se Woord en God se beloftes bly staan het. Ten diepste wou Satan dat Jesus hom wat Satan is, sal aanbid, daarom dat hy aan Jesus kamtig sy eie koninkryk belowe het, ja asof hy wat Satan is vir Jesus al die koninkryke van die wêreld sal kan aanbied. In hierdie allerlaaste verskriklike versoeking

Op hierdie Goeie Vrydag besef ons Jesus sou nooit maar nooit sy goddelike mag wou misbruik om sy lyding te versag en Homself probeer beveilig nie. Hy het deur die verskriklikste swaar, liggaamlike en geestelike swaarkry moes gaan om die prys te betaal wat daar vir ons betaal moes word om met God versoen te wees. Jesus het wel sy goddelike krag nooit in isolasie geplaas nie, maar Hy het Homself daarvan leeggemaak dat Hy as mens vir ons sondes moet betaal. Hy het as mens sy krag nie in sy goddelike krag vooropgestel nie, maar as Mens het Hy sy krag uit God se Woord geput. Dit het Hy in die woestyn getoon, dieselfde het Hy ook weer aan die kruis gedoen. Sy krag was sy doop en was God se Woord en God se beloftes, juis dit waarop sy doop gebaseer is.

Ook dit waarop ons doop gebaseer is, nl. God se Woord en God se beloftes is dit wat maak dat as ons vandag Goeie Vrydag vier, ons onsself 'n paar ernstige vrae ook moet afvra. Hoe is ons nie dikwels daarop ingestel om eer en aansien te verkry, ja ons soek daarna om heerlikheid te verkry sonder stryd en lyding. Dit maak dat ons so maklik toegee aan God se wil. Ons gee so maklik skiet aan wat ons weet verkeerd is en sal dan nog klomp verskonings wil uitdink om onsself te probeer regverdig. Dalk nog erger, hoe dikwels is ons eie wil vir ons oneindig veel belangriker as God se wil. So lank net my wil geld dan is ek tevrede.

Goeie Vrydag laat jou en my besef dat Jesus eerder bereid sou wees om te sterf, ja Hy het gesterf, omdat Hy nie bereid was om aan die wil van ons hemelse Vader toe te gee nie. Sy gebed bevestig dit, as dit U wil is laat hierdie beker by M verbygaan, nogtans nie my wil nie, maar laat U wil geskied. God se wil het geskied en daarvoor sou Jesus sy lewe gee. Wat is jy bereid om te gee dat daar aan God se wil gehoorsaam na geluister sal word?

Jesus het in alles besef Hy mag nie sy lojaliteite verdeel nie. Ek dien of my hemelse Vader of ek dien Hom nie. Daar is geen goue middeweg nie. Met die laaste versoeking het Jesus weereens uit God se Woord aangedui, ja elke keer beroep Jesus Hom op God se Woord en weer uit Deuteronomium, dan wel hoofstuk 6 vers 13 ... *13 Jy moet die Here jou God eer en dien ...* Jesus se eer het juis daarin gelê om God sy Vader te verheerlik en daarvoor was Hy bereid om te sterwe.

Dit moet vandag op hierdie Goeie Vrydag vir ons uitstaan. Hy het elke versoeking weerstaan. Daar sal nooit gesê kan word dat Hy het sy heerlikheid verkry sonder Goeie Vrydag, asof daar vir Hom enige heerlikheid sonder die kruis kon wees nie. Jesus het geweet dit wat vandag aan gedink moet word, is wat Hy moes deurgaan, want as dit nie gebeur het nie, was daar vir Hom en ook vir ons geen eer by God nie. Sy verheerliking sou nie sonder die kruis kon wees nie. Daarom was Hy bereid om ter versoening van God en mens op te tree. Ons heerlikheid moet ook vir ons daarin lê om altyd na God se wil te vra. Om in alles aan God gehoorsaam te wil wees. Al vra dit ook van my 'n prys en opoffering. Ek moet vandag opnuut besef wat dit beteken dat ek en jy ons kruis moet opneem en Jesus moet volg, selfs ook as daar vir jou en my 'n woestynpad is. So swaar sal dit nooit vir ons wees soos op Golgota nie, ja wil ek byvoeg, nooit sal dit vir ons so swaar wees soos dit vir Jesus was daardie 40 dae in die woestyn nie. Danksy sy doop was Hy daartoe kragdadig aangespoor, ja wat beteken jou doop vir jou ook in hierdie dae, ja ook op hierdie Goeie Vrydag?

AMEN